

DIE HERINNERINGSEËLS VIR DR. H. F. VERWOERD

Na die noodlottige aanval op dr. Verwoerd se lewe het 'n hele aantal mense hul afgevra of dit nie paslik sou wees om 'n aantal posseëls uit te gee ter herdenking van hierdie uitstaande Eerste Minister en idealis nie. Ook die Departement van Pos- en Telegraafwese het die saak ernstig in oorweging geneem en daarna vinnig gehandel.

In die afgelope aantal jare, het dit oral in die wêreld gewoonte geword om die dood van vooraanstaande staatsliede deur middel van een of meer besondere posseëls te herdenk. Reeds in 1935 het België seëls met 'n rourand ter nagedagtenis van die plotselinge dood van koningin Astrid laat verskyn en Duitsland, weer ter ere van president Hindenburg. In baie lande is daar seëls uitgegee ter ere van Dag Hammerskjöld, president Kennedy en sir Winston Churchill. Suid-Afrika het besluit om posseëls uit te gee ter herdenking van dr. Verwoerd.

Die adviserende komitee, wat die poskantoor ook met die Republiekfeesseëls bygestaan het, is inmiddels deur die betrokke Minister uitgebrei en permanent aangestel. Na ontvangs van 'n telegram van die Minister van Pos- en Telegraafwese, waarin opdrag gegee word om die uitgee van herdenkingseëls ter ere van dr. Verwoerd te ondersoek, het hierdie komitee vergader. Van die begin af was dit duidelik dat die seëls 'n waardige en stemmige voorkoms moes hê en dat daar 'n goeie portret van dr. Verwoerd benodig was.

Twee probleme het onmiddellik na vore getree. Dr. Verwoerd het nie fotogeniese gelaatstrekke gehad nie soos dan ook duidelik blyk uit afbeeldings, beeldjies of skilderye van hom. Die skeppers van party hiervan het dit maar baie moeilik gevind om 'n juiste gelykenis te bereik. Tweedens is goeie portretskilders skaars in Suid-Afrika. Ten slotte is gevolglik besluit om die hulp van dr. Henkel in te roep.

Dr. Irmin Henkel is in 1921 naby Hannover, in Duitsland, gebore. Reeds as kind het hy baie geteken. In 1946 hou hy sy eerste een-man-uitstalling. Hoewel hy as arts afgestudeer het, het hy hom tog veral op die skilder van portrette en landskappe toegelê. In 1951 kom hy na Suid-Afrika, waar hy nog 'n graad in medisyne behaal en hom intussen meer en meer spesialiseer in potretskildering. Hy skilder die portrette van vooraanstaande regeringpersone. Vir die ontwerp van die portret vir die herdenkingsposseëls, was hy dus die aangewese man; veral omdat hy vroeër reeds drie portrette van wyle dr. Verwoerd gemaak het, o.a. een vir die Volksraadsgebou in Kaapstad.

Die komitee het uitvoerige samesprekings met dr. Henkel gevoer oor wat verwag word en die portretskilder het 'n besoek aan die Staatsdrukkery gebring om die tegniese vereistes beter te leer ken. Hy het met 'n uitstekende portret te voorskyn gekom. Maar, soos dit so dikwels gebeur, het fyner punte verdwyn met die verkleining daarvan tot posseëlgrootte. Die vorm van die kop was te lank en die gesigsuitdrukking verkeerd. Daar

is onmiddellik 'n tweede portret gemaak, waarby 'n ander tegniek gebruik is wat beter vir graving geskik is. Hierdie portret is eenparig deur die komitee aanvaar en dit is hierdie portret wat op die 2½c- en 12½c-seëls verskyn.

Inmiddels is reeds in beginsel besluit om twee besondere seëls uit te gee, van 2½c en 12½c, albei horisontaal. Op die agtergrond van die 2½c-seëls is die Uniegebou weergegee, op die 12½c-seël die landkaart van Suid-Afrika. Albei is simbolies van 'n besondere aspek van die strewe van dr. Verwoerd. Die Uniegebou is nie beskou vanuit 'n administratiewe standpunt nie, maar as 'n simbool van *vereniging*, die saambring van die Afrikaans- en Engelssprekendes in die land. Die landkaart op die ander seël is weer 'n simbool vir die eenheid van alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

Hierdie agtergrondwerk, asook die syfers en letters, is toevertrou aan J. J. Kumf. Johann J. Kumf is in 1930 in Duitsland gebore, waar hy



hom na sy skoolopleiding veral op drukkerswerk toegelê het. Hy het 'n grondige studie gemaak van graveer- en drukproesse, veral die litografiese kleurdrukwerk en metaaldrukwerk. In 1951 emigreer hy na Suid-Afrika waar hy, behalwe vir 'n kort onderbreking, tot vandag toe in diens van die Staatsdrukkery is. Hy is veral verantwoordelik vir ontwerpe en werk-tekeninge, soos posseëls, veral vir reproduksie deur diepdruk. Bowendien is hy 'n uitstekende fotograaf.

Die tekening van die Uniegebou was aanvanklik te prominent, te veel soos dit op die ou Londense en eerste Pretoriase druk van die twee pennie-Unieseël voorkom. Gelukkig kon een van die komiteede, 'n voor-aanstaande argitek, hierdie deel van die werk spesiaal onder sy hoede neem. Die kop op die 12½c-seël was aanvanklik heeltemal aan die regterkant,

waardeur die tafereel 'n bietjie die indruk geskep het van 'n les in aardrykskunde. Gevolglik is die kop meer na die middel verskuif en die omlyning van die landkaart versag. Ongelukkig het die snypunt van die grense van Transvaal, Mosambiek en Swaziland hierna egter juis agter die linkeroor geval. Dit het gelyk soos 'n gehoorapparaat en daar is besluit om die hele kop te omgewe met 'n neutrale ligte vlak.

Daarna het die kleur ter sprake gekom. Op die eerste ontwerpe was die voorlopige kleure jakarandapers en geelbruin. Daar is altyd besef dat dit net vir die effek was en dat dit nie vir die finale ontwerp kon dien nie. Daar is nou gesoek na kleure wat in dieselfde klas val, sodat daar 'n groter eenheid tussen die twee seëls verkry kon word. Uiteindelik het




die keuse geval op seegroen vir die 2½c- en sagblou vir die 12½c-seël. Dit was mooi en gedistingeerde kleure en hulle was nie so donker dat 'n stempel daarop moeilik sigbaar sou wees nie.

Die letters het in beide gevalle min moeilikhede opgelewer. Daar was ruimskoots plek op albei seëls vir die landsaanduiding in albei tale en die

waarde van die seëls, sodat dit onnodig was om, vanweë die ontwerp, weer tot eentalige seëls die toevlug te neem. Wel het die vraag ontstaan of die naam van wyle die Eerste Minister op die seëls moes verskyn. Die komitee het aanvanklik besluit dat dit onnodig sou wees, maar voorlopig is die handtekening onder aan die kop geplaas. Op elke verdere ontwerp het dit weer op sy vaste plekkie gekom en eintlik saamgegroeï, sodat die handtekening ten slotte gebly het. Die handtekening was 'n oplossing vir die probleem of die titel of die voorletters, of miskien albei bygevoeg sou word of nie.

Uiteindelik is besluit om 'n eerstedagkoevert uit te gee. Sedert die Republiekfeesseëls is sulke koeverte genommer, sodat hierdie koevert nr. 4 sou word. Dit is baie eenvoudig uitgevoer: twee louriertakke met dr. Verwoerd se voorletters. Die lugposetiket moes egter ligter as gewoonlik gemaak word, omdat dit anders te veel aandag van die seël self sou af trek. In die koevert kom 'n kaartjie met die belangrikste data oor dr. Verwoerd. Hierdie kaartjies het blykbaar 'n gewoonte geword en ons kan net hoop



dat die Poskantoor hiermee sal voortgaan. Hulle verduidelik veel wat nie op die koevert self gemeld kan word nie en sodoende dra hulle daartoe by dat die koeverte so eenvoudig moontlik gehou kan word.

Die Departement van Pos- en Telegraafwese het aanvanklik nogal in 'n belangrike mate van die komitee verskil. Daar is meer gedink aan 'n portret in profiel en 'n lourierkrans. Bowendien moes een seël liewers vertikaal staan. As gevolg van hierdie wense het dr. Henkel nog 'n portret van dr. Verwoerd gemaak, wat vir een kwart gedraai was en vir 'n regop seël gebruik kon word. Regs onderaan is 'n lourierkrans aangebring, maar dit het tot gevolg gehad dat hierdie seëls tog die afmeting van die ander

seëls moes behou en nie kleiner gemaak kon word nie, soos die Departement aanvanklik voorgestel het.

Gewapen met die oorspronklike twee ontwerpe, waarvan dié van die 12½c-seël inmiddels bygewerk was, en hierdie nuwe ontwerp in 'n lemmetjiegroen kleur, het 'n paar lede van die komitee die Minister persoonlik ontmoet. By hierdie onderhoud het spoedig geblyk dat dit jammer sou wees om een van die drie ontwerpe af te keur en gevolglik is daar besluit dat 'n derde waarde, naamlik van 3c, aan die stel toegevoeg sou word. Net die skouer op hierdie portret is 'n bietjie laer geplaas. Nou moes egter ook die eerstedagkoevert vergroot word om voldoende ruimte vir die drie seëls te verskaf.

Die druk en verspreiding van die seëls het in die korste moontlike tyd plaasgevind en op 6 Desember, presies drie maande na die noodlottige gebeurtenis, is die herdenkingseëls aan die publiek beskikbaar gestel. Dit is seëls met 'n waardige voorkoms, 'n mooi kleur en met goeie portrette. Hulle voldoen volkome aan die doel wat hulle moet dien.

F. G. E. Nilant